Publication: Son (Oos)
Date: Monday, May 18, 2020
Page: 3

# STRUWELINGE IN RAAD OOR PES

## Kundiges verskil met minister en onder mekaar

**ASTRID FEBRUARIE**
Astrid.Februarie@son.co.za

**EARL SEPTEMBER**
Earl.September@media24.com



**AFSTAND, MENSE!** Suid-Afrika is tans op vlak 4 van die lockdown weens die Covid-19-pandemie. Foto: JONATHAN LESTRADE

**KENNERS wat dien in die ministeriële advieskomitee oor Covid-19 blyk nie met mekaar óf die minister saam te stem nie.**

Berigte het oor die naweek verskyn oor 'n uitval tussen kundiges en die nasionale minister van gesondheid.

Dit het daartoe gelei dat die gesondheidsdepartement aan die kundiges gesê het om te hou by wat hulle ken en die ekonomiese ingryping aan ander departemente oor te laat.

Dr. Glenda Gray, hoof van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad en lid van die ministeriële advieskomitee, is een van die kenners wat die regering se benadering kritiseer, berig *News24*.

Volgens Gray is die lockdown se benadering van uitfasering nie wetenskaplik verdedigbaar nie.

Sy sê:

"Die lockdown moet heeltemal afgeskaf word. Maatreëls moet in plek wees soos hande was, maskers dra, social distancing en die verbod op byeenkomste.

"Daar was aanvanklik goeie redes vir die lockdown: om tyd te koop om ons gesondheidstelsel gereed te kry. Dít is grotendeels bereik."

Prof. Marc Mendelson, ook lid van die komitee, stem saam die benadering is nie wetenskaplik nie: "Dis gegrond op die ervaring van ander lande se pogings om die kurwe af te plat."

Nog 'n lid van die komitee, dr. Ian Sanne, voeg weer by dat die komitee nooit eens gevra is of lockdown na vlak 3 moet skuif nie.

"Die komitee is gevra om raad te gee oor 'n benadering van risiko-aanpassing, nie vlakke en hul verhouding met ekonomiese aktiwiteite nie."

"Die lockdown het ook 'n negatiewe impak op die gesondheidsorgstelsel van die land. Ander normale siektes wat nie Covid-verwant is nie, kry nie aandag nie."

Prof. Salim Abdool Karim, voorsitter van die ministeriële advieskomitee, sê dis nie waar dat die regering raad geïgnoreer het nie.

Die minister van gesondheid, dr. Zweli Mkhize, sê: "Tussen besluitneming en implementering is 'n leemte van praktiese dinge wat in plek moet wees.

### Onprakties

"Enigeen wat nou wil weggaan van die raad en die implementering wil kritiseer, is onregverdig."

Intussen het Business for South Africa (B4SA) 'n beroep op die regering gedoen om na vlak 2 te beweeg.

B4SA meen die huidige benadering is ekonomies onprakties en moeilik om te reguleer.

Die kritiek teen die regering kom kort ná April se ekonomiese syfers die verwoestende impak van die eerste volle maand van lockdown toon.

Talle sektore is tot stilstand gedwing met druk op werksgeleenthede en ondernemings onder finansiële stres.

Mkhize het in 'n reeks twiets Saterdagaand gesê: "Die proses om die lockdownregulasies te verlig, is een van konsultasie met insette van talle wat in ag geneem moet word.

Teen Saterdag is meer as 10,7 miljoen Suid-Afrikaners vir Covid-19 gescreen en 439 559 daarvoor getoets.

Teen Saterdag het 6 478 pasiënte van die 14 355 positiewe gevalle herstel terwyl sterftes op 261 gestaan het, volgens die departement van gesondheid.

Die Wes-Kaap, met 58,5% van bevestigde gevalle, het die meeste, gevolg deur Gauteng met 15,8%. Die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal het elk net meer as 10%.

### Laer

Teen Woensdag was die meeste toetse soos volg: 34,87% in Gauteng; 22,74% in die Wes-Kaap; 19,17% in KwaZulu-Natal en 10,46% in die Oos-Kaap.

Mkhize sê: "Ons sterftesyfer van 1,8% is steeds laer as die 6,6% van die res van die wêreld."

SMS JOU MENING OOR DIÉ STORIE AAN
31446
SÊ ONS!
SMS'e KOS R1.50

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.